# *Waardevolle eietydse insigte uit diep historiese perspektief*

FRANK WELSH

A history of South Africa
Harper Collins
Hammersmith
1998
pp. 606.
Illustrasies
Indeks en bibliografie
ISBN 0 00 255561 1
Prys R197-37

Die waarde van kontemporêre monografiese studies oor die geskiedenis van Suid-Afrika is dat veral die meer onlangse geskiedenis binne 'n sterk gefundeerde historiese konteks geplaas word. Die historikus wat begrip het vir wat in die versonke verlede plaasgevind het, is dikwels die een wat die fynere nuanses van die hede met 'n groot mate van empatie kan interpreteer. So ver dit *A history of South Africa* van Frank Welsh betref, is dit duidelik dat sy treksel van die hede op 'n goeie insig omtrent die verlede gebaseer is.

Die werk is om verskeie redes interessant. In die geheel adem dit 'n kosmopolitiese atmosfeer. Daar is pittige beskrywings met heelwat feitelike gegewens wat op 'n uitsonderlike manier aangebied word. Dit trek die aandag en maak die teks leesbaar. Welsh, die skrywer van 'n sewetal boeke waarvan die voorlaaste 'n geskiedenis van Hong Kong was, is duidelik 'n bedrewe woordkunstenaar. Daarby het hy in sy beroepslewe as internasionale sakeman en bankier baie ervaring opgedoen. Die insigte wat hy in *A history of South Africa* weergee, is duidelik die resultaat van kennis oor die wyse waarop die internasionale ekonomiese stelsel funksioneer.

Sy vertrekpunt vir die narratief oor die geskiedenis van die land begin nie by die prehistorie nie. Veel eerder word die meer konvensionele uitgangspunt van die Europese kontak met die suidpunt van die kontinent in die vyftiende eeu gekies. Daar is 'n beskrywing van die Portugese ontdekkings en dan die Nederlandse koms, tesame met 'n beskrywing van die inwoners van die Kaap. Welsh verantwoord sy uitgangspunt onregstreeks as volg: "[I]f today's South Africa is a truly unique heterogeneous 'rainbow community', in which many cultures and races have their place, van Riebeeck's landing was a critical starting point, and an exceptionally well-documented one." (p. 21.) Die moontlikheid van 'n

blanksentriese vetrekpunt vir die aanvang van die Suid-Afrikaans geskiedenis pla die skrywer dus nie.

Die betrokke invalshoek van Welsh het ten doel om die koloniale ervaring van beide die kolonialiste en die gekolonialiseerde mense aan die suidpunt van Afrika weer te gee. Hy is onbevange en in die narratief word ‘n verskeidenheid manifestasies van konfliksituasies tussen inheemse en uitheemse mense oorgedra. Dit gaan ook lank nie meer oor die heroïese groep nie, maar veel eerder oor individue wat hul merk in die geskiedenis gemaak het. Die nuwe helde in die verhaal is mense soos Sheikh Yussuf, ‘n politieke gevangene uit die Ooste wat in aanhouding aan die Kaap was. Dié was, volgens Welsh, moontlik een van die belangrikste mense om in sy leeftyd aan die Kaap te bly. (p. 49). Reeds vroeg word daar oorgegaan tot ‘n klassestratifikasie van die Kaapse samelewing. (pp. 47-9). Die aanslag is miskien ‘n bietjie verouderd, maar die leser kry die geleentheid om dadelik die evolusionêre ontwikkeling van die verskillende sosiale groeperinge aan die Kaap te peil.

Teen die tyd dat by Hoofstuk 5 op p. 88 uitgekom word, val die fokus op die Britse owerheid. Die skrywer self funksioneer duidelik binne die parameters van ‘n tradisionele Britse liberale perspektief. Sy insigte van die Britse owerheid aan die Kaap en veral die verskillende goewerneurs is besonder goed. Hy is ook daartoe in staat om die Britse tydgees vas te vat en aan sy lesers weer te gee. Hy skryf elegant, gemaklik en leesbaar. Veral komiese gedeeltes kan die oplettende leser maklik raak lees.

Sommige gedeeltes van die werk is in die gees van ‘n Cambridge historiografiese paradigma geskryf wat in die sewentiger- en vroeë tagtigerjare sterk deur die sosio-ekonomiese aannames van die *Annales*-skool beïnvloed was. Soms wil die leser vra of dit werklik nog relevant is - veral gegewe die sterk herlewing van narratiewe verhalende tradisie. In die geheel is dit egter die verhaal wat seëvier en *A history of South Africa* is dan ‘n lekker leesboek.

Welsh probeer om ‘n onbevange en onpartydige verteller te wees. Hy slaag egter nie in sy doelwit wat die Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners betref nie. Een rede vir sy waninterpretasies is omdat hy - soos die geval met menige Engelstalige historici - min werke in die Nederlandse of Afrikaanse taal geraadpleeg het. Die eensydigheid van brongebruik val op. Dieselfde sal ook geld ten opsigte van vroeë geskrewe stukke in die inheemse tale wat nie tot hul reg kom nie.

Spoedig is dit egter duidelik dat Welsh nie op ‘n eenogige manier na die verlede kyk nie. Hy gaan dikwels uit sy pad om ‘n sterk oordeel uit te spreek. Trouens dikwels word die Britse owerheid voor stok gekry, veral wat die Oosgrens betref. Hy beklemtoon dat die Britse owerheid meer as dikwels verkeerd opgetree het.

'n Belangrike bydrae van die werk is die feit dat die skrywer vanuit 'n nie-rassige perspektief na die verlede kan kyk en dinge raaksien wat die gemiddelde blanke of swart Suid-Afrikaner nouliks konsekwent kan interpreteer. Byvoorbeeld, sy oordeel oor die Kaapse en Natalse politici in die vroeë jare van verteenwoordigende regering in die negentiende eeu, bring nuwe insigte tuis en dui aan hoe diep die rassevoorkeur in die samelewing gesetel was. (pp. 244-5). Terwyl hy duidelik baie kundig is oor die Indiese kultuur, laat sy kennis hom in die steek wanneer dit by die belangrike Suid-Afrikaanse diaspora uitkom. Hy gee byvoorbeeld nie 'n aanduiding van presies wanneer die Indiërs na Suid-Afrika gekom het nie. Daar is wel heelwat insiggewende besprekings oor die Indiërs en hul rol in die verhaal van Suid-Afrika.

Sy feite oor die negentiende eeuse Transvaalse geskiedenis is verdag. (p. 254). Hy maak naïewe aannames - onder meer oor Paul Kruger en die spoorwegpolitiek. Dit is verskoonbaar, gegewe sy ideologiese uitgangspunt. Waar Welsh wel akkuraat is en goeie insig openbaar, is op die terrein van kapitaal en ontwikkeling in die destydse *Zuid-Afrikaansche Republiek* (ZAR). Hy verduidelik akkuraat hoe dit gebeur het dat selfs die kapitaal wat gebruik is om die nasionale bank van die ZAR in die lewe te roep, hoofsaaklik uit Londen afkomstig was. Dit maak nie saak wat die Transvalers probeer doen het nie, hulle kon eenvoudig net nie van die Britse beheer in die land se ekonomie ontslae raak nie. (pp. 305-6).

Welsh redeneer dat die Anglo-Boereoorlog nie oor die goud van Transvaal gegaan het nie. Dit was veel eerder - na aanleiding van Milner en ander se idees - 'n kwessie van opheffing en beskawing. (p. 325). Oor dié omstrede uitgangspunt sal uiteraard verskillende teenargumente aangevoer kan word.

Dit is vir hom moeilik om onbevange na die mens in die Suid-Afrikaanse verlede te kyk. Xhosas wat geneig was om die Britse owerheid te aanvaar, was die mense wat kwansuis die beste daarvan afgekom het. Afrikaners wat nie die Britse saak goedgesind was nie, het bykans sonder onderskeid een of ander soort 'persoonlikheidsgebrek' gehad. Byvoorbeeld, terwyl Smuts, volgens hom, nouliks voor 1902 'n roemryke politieke loopbaan gehad het, het sake duidelik heeltemal verander nadat hy in die twintigste eeu pro-imperialisties geword het. Hertzog daarenteen het maar altyd 'n soort van vrot appel gebly. Hy was byvoorbeeld "an honourable man, but with few immediately attractive qualities" (p. 346). Dit sal seker nog lank neem voordat 'n tranformasie van sekere stereotipe indrukke omtrent historiese figure in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gewysig sal word. Op sommige plekke het Welsh dit probeer doen. In die geheel is dit egter vir die diepteleser al te maklik om die 'protagoniste' van die 'antagoniste' in die vertelling te skei.

Welsh slaag voortreflik daarin om sy lesers te oortuig dat die blankes, veral van Britse afkoms, nog altyd 'n baie goeie verhouding met die swartmense gehad

het. Hy maak dan ook daarvan werk om die verswarting van die Suid-Afrikaanse geskiedenis tot sy logiese uiteinde deur te voer. Soms is dié strategie minder geslaagd. Dit maak nie saak hoe die verstedelikingsverskynsel (by wyse van voorbeeld) geïnterpreteer word nie, dit hou steeds regstreeks verband met die Westerse geskiedenis. Die verhaal van die swart mense word egter in die reël goed ingeklee. Die skrywer verdien lof vir die manier waarop die leser kans kry om van die omstandighede van swartmense kennis te neem.

Teen Hoofstuk 13 wil dit voorkom asof die skrywer sy stoom effens verloor het. Dié deel van ‘n andersins leesbare werk is ‘n saamgeflanste stuk waarin daar min samehang is.

Welsh bou in ‘n groot mate voort op die bestaande historiese mitologie van die vroeë twintigste eeu. Min nuwe insigte - behalwe vir etlike pittige opmerkings - word gegee. Tussen die 1940’s en 1950 is daar min oorspronklike gegewens, maar dit word dan toenemend duidelik dat hy die geskiedenis van swart Suid-Afrikaners heelwat beter kan interpreteer. Daar is ook ‘n ligpunt - sy beskrywing van Anton Lembede. Dit verteenwoordig ‘n kamee wat insiggewend en betekenisvol is (pp. 424-5).

Sy beskrywing van gebeure in die vyftiger- en sestigerjare is besonder akkuraat, maar duidelik gelade met ‘n bepaalde emosionaliteit wat in Britse geledere aan die orde van die dag was in die era toe Suid-Afrika die Britse Gemenebes verlaat het en toe daar ter plaatse na ‘n nuwe geldeenheid oorgeskakel is.(pp. 455-6).

Dit wil tog voorkom asof sy klassifikase en die tipologisering van die Afrikaners as synde ‘n handjievol hardgebakte mense wat in ‘n laer getrek het rondom die ideologie van Christelike Nasionalisme, soms uit voeling met die werklikheid is. Daar was, soos hy tereg daarop wys, baie mense wat ontevrede met die bedeling was. Baie het die land verlaat. Belangriker nog: baie van hulle was gewone Afrikaners. Dit is egter hierdie onvertelde verhale van die Suid-Afrikaanse sosiale geskiedenis gedurende die apartheidsjare wat nog ondersoek sal moet word indien die nodige insigte verkry gaan word oor ‘n tydperk wat tans - met goeie reg - as ‘n duister era in die geskiedenis van die land en sy mense voorgestel word.

Die grootste waarde van *A history of South Africa* is die waardevolle insigte wat oor die meer onlangse geskiedenis tuisgebring word.

Dit is baie duidelik uit Welsh se narratief dat die groot oorskakeling na ‘n nuwe bedeling die resultaat was van die ekonomiese krisis waarmee Suid-Afrika teen die einde van die tagtigerjare geworstel het (p. 496). Hierdie faktor het in die agtergrond gesluimer terwyl opeenvolgende golwe van sosiale en buite-parlementêre politieke verset besig was om teen die regering te manifesteer.

In die laaste hoofstuk word die agtergrond tot die oorgang na die nuwe bedeling plek-plek sterk gepenskets vanuit die perspektief van die leiersdenke van F.W. de Klerk. Benewens die voortdurende ekonomiese laagtepunt is die regering ná die verkiesing van September 1989, volgens Welsh, gedwing om aanpassings te maak. Die konserwatiewes het 30 persent en die demokrate het 21 persent van die stemme gekry. Die Nasionale Party se tradisionele basis van steun was snel besig om te verdwyn (p. 502).

Welsh redeneer oortuigend dat die De Klerk-regering bepaalde leemtes in die oorgangstyd gehad het. F.W. de Klerk het binne die parlementêre bestel van die politiek na die situasie in Suid-Afrika gekyk. Hy het nie die krisis aangespreek wat die meerderheid swart nie-kiesersbevolking ervaar het nie (p. 508). Dit was duidelik op hierdie terrein waar die Achilleshiel van die regering gesetel was.

Die vergelyking wat getref word tussen Kodesa en die Nasionale Konvensie van 1908-9 is skitterend. Daar is baie ooreenkomste, maar ook baie verskille. Welsh se historiese insig verleen dan die inherente krag wat die narratief oor die onderhandelingsproses meer legitiem laat oorkom (p. 511).

Hy is ook oortuigend in sy verklaring vir die toename van misdaad en geweld in die negentigerjare (p. 512).

Veral die ekonomiese bedeling in die ná-verkiesingstydperk (1994-8) vat Welsh akkuraat vas deur te wys op die inherente swakhede van die swart aandrang op ‘n meer regverdige ekonomiese bedeling, die steeds behoudende Afrikaanse invloed in sektore van die ekonomie en die soms bykans fatale finansiële gevolge van swart bemagtiging.

Die magsbalans in die post-’94-era beskryf hy as volg: “The struggle against apartheid ended with a compromise rather than an outright victory. Economic forces which included a strong surviving Afrikaner influence on financial institutions, combined with international pressure, discreetly applied, but well understood - to encourage moderation... Vengeance, it is acknowledged, truly is the Lord’s.” (p. 514).

Ofskoon *A history of South Africa* heelwat tekortkominge het, is en bly dit ‘n goeie werk. Negatiewe eienskappe van die werk is: Baie van die verwysings is onvolledig. Aanhalings het dikwels nie verwysings nie. Afrikaanse woorde is meerendeels verkeerd gespel. Dit is steurend en doen afbreek aan die werk. Drie trosse illustrasies kom voor tussen pp. 132-3, 260-1 en 356-7. In die reël is die illustrasies interessant en nuut. Dit is tog jammer dat sommige illustrasies wat in die teks bespreek word, nie eens in die werk gepubliseer is nie (p. 173). Dit wil ook voorkom asof daar nie gesonde oordeel aan die dag gelê is in die plasing van illustrasies nie. Dikwels kan daar met die kognitiewe lees van die teks en gepaardgaande illustrasies foutiewe voorstellings posvat. (Kyk bv. dié buite-kontekstuele illustrasies op die twee fotobladsye voor p. 357.) Aan die

positiewe kant: Vir die Suid-Afrikaanse leser gee die werk ‘n indruk omtrent die self - van buite af. Vir die buitelandse leser is die teks, vanweë ‘n deurlopend oppervlakkige diskoers, verstaanbaar. Veral die voornemende buitelandse besoeker aan Suid-Afrika kan met goeie gevolg die werk lees om ‘n historiese indruk omtrent ‘n komplekse samelewing aan die suidpunt van Afrika te kry. Welsh verdien ‘n pluimpie vir sy gemaklike skryfstyl. Die leser kan vrywel die grootste deel van die teks as ‘n lekker leesboek oopslaan. Die puik drukwerk en afwerking van die werk in die geheel verdien ook lof.

Johann Tempelhoff

PUCHO

Fakulteit Vaaldriehoek